## *Galasiërs 4:22*

Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye.

Gal 4:23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte.

Gal 4:24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar;

Gal 4:25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny.

Gal 4:26 Maar Jerusalem daarbo is vry; en Sy is die Moeder van ons almal.

JesajaH 62:1

TER wille van Sion sal Ek nie swyg nie en ter wille van Jerusalem nie stil wees nie, totdat Haar Geregtigheid uitbreek soos 'n glans en Haar Verlossing soos 'n fakkel wat brand.

Isa 62:2 En die nasies sal Jou Geregtigheid sien en al die konings Jou Glansrykheid; en Jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die Mond van JaHWeH sal noem.

Isa 62:3 En Jy sal 'n Sierlike Kroon wees in die Hand van JaHWeH en 'n Koninklike Tulband in die Handpalms van Jou Elohey.

Isa 62:4 Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en Jou Aarde sal nie meer genoem word Verwoesting nie. Maar Jy sal genoem word: Geftsí-Bah (My behae is in Haar), en Jou Aarde: Beula(Getroude); want JaHWeH het 'n behae in Jou, en sal Jou Aarde se Besitter wees. [2 Konings 21:1]

Isa 62:5 Want soos 'n Jonkman 'n Maagd trou, so sal Jou kinders Jou trou; en soos die Bruidegom bly is oor die Bruid, sal Jou Elohey oor Jou

bly wees.

Isa 62:6 o Jerusalem? Ek het wagte op Jou mure uitgesit wat voortdurend die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o Julle wat na JaHWeH verwys - moenie rus nie

Isa 62:7 en laat Hom nie met rus nie, totdat Hy Jerusalem bevestig en maak tot 'n lof op Aarde!

Isa 62:8 JaHWeH het gesweer by Sy Regterhand en by Sy Magtige Arm: Waarlik, Ek sal Jou koring nie meer gee dat Jou vyande dit eet nie, en seuns van die uitlander sal Jou mos nie drink waarvoor Jy gewerk het nie.

Isa 62:9 Maar hulle wat dit insamel, sal dit eet en JaHWeH prys; en hulle wat dit oes, sal dit drink in die voorhowe van My Apartheid.

Isa 62:10 Gaan in, gaan in deur die Poorte, berei die Weg van die volk! Vul op, vul op die Grootpad, gooi die klippe weg, steek 'n Banier op oor die volke!

Isa 62:11 Kyk, JaHWeH laat dit hoor tot by die Einde van die Aarde: Sê aan die Dogter van Sion: Kyk, Jou Lossing kom; kyk, Haar loon is by Hom en Haar beloning is voor Sy Aangesig.

Isa 62:12 En hulle sal genoem word: Volk van die Apartheid, die verlostes van JaHWeH; en Jy sal genoem word: die begeerde, die Stad wat nie verlaat is nie.